VRYWILLIGE HEFFINGS OP WINTERGRANE 2020/2021

Wat is die bedrae van die vrywillige heffings? (BTW moet bygetel word)

Koring	R14,50 per metrieke ton
Gars	R14,50 per metrieke ton
Hawer	R6,00 per metrieke ton

Waarop is die heffings betaalbaar?

Die heffings is betaalbaar op alle koring, gars en hawer:

(1) Wat deur die produsent daarvan verkoop word;
(2) Wat ingevoer of uitgevoer word;
(3) Wat deur of namens die produsent verwerk of geprosesseer word;
(4) Waarvoor 'n silo-sertifikaat uitgereik word.

Hoe word die heffings gevorder?

Produsente en andere wat graan lewer moet magtiging gee dat die vrywillige heffing wat in die prys van sy koring, gars of hawer ingereken is by die verkoop of lewering daarvan afgetrek mag word.

Wie is verantwoordelik vir oorbetaling van die heffings?

Die koper, verwerker, prosesseerder, invoerder, uitvoerder of persoon wat die silo-sertifikaat uitreik is verantwoordelik vir die oorbetaling van die heffings. Die gebruiklike kommissie van 2,5% van die heffingwaarde sal vir hierdie diens betaal word.

Aan wie word die vrywillige heffings betaal?

Die heffings word aan die Suid-Afrikaanse Wintergraan Bedryfstrust (SAWCIT) betaal en die bankrekening sal spoedig aan die bedryf bekend gestel word.

Wanneer word die heffings betaal?

Die heffings moet voor die einde van die maand wat volg op die maand waarin die heffings gevorder is aan SAWCIT oorbetaal word.

Wie besluit oor die aanwending van die heffingfondse?

Die Trustees wat deur die bedryfsrolspelers aangestel is om op SAWCIT te dien, sal die aanwending van die heffings namens die bedryf bestuur en beheer.

Wat is die tydsduur van die heffings?

Die vrywillige heffings geld slegs vir die 2020/2021 bemarkingsjaar wat op 1 Oktober 2020 'n aanvang neem. Die bedryf sal in die loop van 2020/2021 besluit hoe noodsaaklike dienste in die toekoms befonds sal word.